# KZN BTW-ONDERNEMER TOT SEWE JAAR TRONKSTRAF GEVONNIS VIR BTW-BEDROG

**Pretoria, 12 Maart 2019** – ‘n KwaZulu-Natalse vrou wat nagenoeg R4 miljoen se bedrog teen SARS gepleeg het, is verlede Donderdag in die Durbanse streekshof effektiewelik tot sewe jaar tronkstraf gevonnis.

Me. Saraspathie Vallee (47) van Chatsworth, as alleeneienaar van die beslote korporasie Gutterpride Trading, het skuldig gepleit op aanklagte van belasting op toegevoegde waarde bedrog en ootreding van die Wet op Bekamping van Georganiseerde Misdaad.

Deur die gebruik van die SARS eFiling-diens, het sy ‘n BTW-terugbetaling van R3 972 814 namens Gutterpride geëis vir ‘n enkele belastingtydperk in 2014 en vervalsde stawende dokumente aan SARS verskaf om die eis te staaf.  SARS het die terugbetaling verminder en nadat uitstaande belastings gelikwideer is, is ‘n bedrag van R2 484 683.75 aan die entiteit uitbetaal.

Binne ‘n paar dae nadat die bedrag in die beslote korporasie se rekening oorbetaal is, het Vallee verskeie oordragte vanuit die rekening gemaak.

Vallee het op twee aanklagte skuldig gepleit ingevolge artikel 112(1)(a) van die Wet op Kriminele-prosedures.  Die entiteit, Gutterpride is ook R100 000 beboet, voorwaardelik vir vyf jaar opgeskort.

Terwyl SARS se risiko-enjins voortdurend verbeter, sal ons aanhou om BTW-bedrieërs hok te slaan, vertroue in die organisasie te herstel, ‘n regverdige speelvlak vir besighede te skep en ons mandaat, om geld verskuldig aan die staat in te samel, te handhaaf.